
**Deur President**
**Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in
die Eerste Presidentsie



# Heiliges vir Alle Seisoene

Ek het herinneringe as kind oor ŉ deel van die wêreld wat as ŉ poskaart prent kon dien vir die verandering van seisoene van die jaar. Elke verbygaande maand was glorieryk en wonderlik. Gedurende ŉ perfekte winter's dag, het ongerepte sneeu die berge en stad strate bedek. Lente het reinigende reën gebring en die ontploffing van groen gekleede lewe. Die lui lug van somer het gedien as ŉ aangename blou skildery vir die hitte van ŉ helder son. En asemrowende herfs, omskep die natuur in briljante skaduwees van oranje, geel en rooi. As kind, was ek lief vir elke seisoen, en is tot vandag toe lief vir die karakter en uniekheid van elke een.

Ons het ook seisoene in ons lewens. Party is warm en aangenaam. Ander is nie. Party van die dae in ons lewe is so pragtig soos prentjies in ŉ kalender. En tog is daar dae en omstandighede wat hartseer veroorsaak en wat diep gevoelens van wanhoop, boosheid en bitterheid in ons lewens bring.

Ek is seker dat een of ander tyd het ons gedink dat dit lekker sal wees om in 'n land te gaan bly wat gevul is met dae van prentjie-perfekte seisoene en dat ons die onaangename tye tussen in kan vermy.

Maar dit is nie moontlik nie. Nog is dit gewens.

Soos Ek oor my eie lewe besin, is dit duidelik dat baie van die tye van die grootste ontwikkeling plaas gevind het terwyl ek deur stormagtige siesoene gegaan het.

Ons alle wyse Hemelse Vader het geweet dat vir Sy kinders om te groei in die wesens wat hulle ontwerp is om te word, is dit nodig vir hulle om seisoene van teenspoed te ondervind gedurende hul rys deur sterflikheid. Die boek van Mormon profeet Lehi het gesê dat sonder opposisie, "sal geregtigheid nie kan geskied nie" (2 Nefi 2:11). Inderdaad, dit is die lewe se bitterheid wat ons toelaat om kontras te herken en soetheid te waardeer (sien L&V 29:39; Moses 6:55).

President Brigham Young het dit so gestel: "Alle intelligente wesens wat gekroon is met krone van glorie, onsterflikheid, en die ewige lewe moet deur elke beproewing gaan wat aangewys is vir intelligente wesens om deur te gaan, om hul glorie van verheerliking te bekom. Elke rampspoed wat op sterflike wesens kan kom sal gelei word . . . om hulle voor te berei om die teenwoordigheid van die Here te geniet. . . . Elke beproewing en ondervinding wat jy deur gemaak het is nodig vir jou verlossing."[1]

Die vraag is nie of ons seisoene van teenspoed sal ondervind nie maar hoe ons die storms sal verweer. Ons groot geleentheid gedurende die alewige-veranderde seisoene van die lewe is om vas te hou aan die gelowige woord van God, vir Sy berading is ontwerp

om nie net te help om die storms van die lewe te verweer nie maar om ons ook deur hulle te lei. Ons Hemelse Vader het ons Sy woord gegee deur Sy profete—kosbare wysheid ontwerp om ons te lei deur die uitdagings en moeilike seisoene na die onuitspreeklike geluk en briljante lig van die ewige lewe. Dit is 'n belangrike deel van ons lewens ondervinding om die vermoë, dapperheid, en integriteit te ontwikkel om vas te hou aan die waarheid en geregtigheid ten spyte van die bufferwerking wat ons mag ondervind.

Diegene wie deur die waters van die doop gegaan het en die gawe van die Heilige Gees ontvang, het hul voete op die pad van dissipelskap geplaas en is beveel om voortdurend en getrou in die voetspore van ons Verlosser te volg.

Die Verlosser het ons geleer dat die son opkom "oor slegtes en goeies, en . . . Hy laat reën[val] op regverdiges en onregverdiges" (Matthéüs 5:45). Partykeer kan ons nie verstaan hoekom moeilike, selfs onregverdige, dinge in die lewe gebeur nie. Maar as volgelinge van Christus, ons vertrou dat as ons "ywerig soek, gedurig bid, en gelowig is, sal alles meewerk tot [ons] beswil *as* [ons] opreg wandel" (L&V 90:24; klemtoon ingereken).

As lede van Sy Kerk, as Heiliges,dien ons met vreugde en gewilligheid in alle weer en in alle seisoene. En as ons dit so doen, word on harte gevul met godgewyde geloof, genesende hoop, en hemelse liefdadigheid.

Nogtans,sal ons deur alle seisoene moet beweeg—beide aangenaam en pynlik. Maar dit maak nie saak watter seisoen nie, as volgelinge van Jesus Christus, sal ons ons hoop op Hom rus soos ons na Sy lig beweeg.

Ten korte, ons is Heiliges van God, vasbeslote om van Hom te leer, om Hom lief te hê, en om ons medemens lief te hê. Ons is bedevaarders op die geseënde pad van disipelskap, en ons sal standvastig na ons hemelse doelwit beweeg.

Dus, laat ons Heiliges wees in die lente, somer, herfs en winter. Laat ons Heiliges wees vir all seisoene.

**NOTA**

1. *Lesse van die Presidente van die Kerk: Brigham Young* (1997), 261–62.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Die Eerste Presidentsie het geleer,"Party van die grootste preke is gepreek deur die sing van gesange (*Gesange,* ix). Soos jy hierdie boodskap bespreek, oorweeg om een van die volgende gesange of 'n ander liedjie oor blywende teenspoed saam met diegene wie jy onderrig te sing: "Hoe ferm 'n Fondasie" (no. 85); "Die Heer is My Herder" (no. 108); of "Laat Ons Almal Voortduur" (no. 243). As jy gedronge voel, deël a tyd toe 'n stormagtige seisoen van jou lewe in 'n seëning verander het.

## JEUG

## Ek Was Bevoeg om van My Droefheid te Laat Gaan

**Deur Juan Zhu**

Toe my vriend se Broer Chen en sy vrou in ons wyk gedoop is, was ek verheug. 'n Jaar na hul doop, is hulle in die tempel geseël, en hul seun wat gesterf het voor hulle by die Kerk aangesluit het, is aan hulle geseël. Dit was wonderlik om die Chens te sien groei in die evangelie.

Toe sterf Broeder Chren in 'n motor ongeluk die volgende jaar. Na die ongeluk, het dit gevoel asof sy dood altyd in my kop was en het dit gereëld by my kom spook in my drome. Ek het wakker geword in trane en oor en oor gevra, "Hoekom?" Hoekom laat die Here toe dat hierdie soort tragedies gebeur? Hoekom moes so iets met hierdie pragtige familie gebeur het? Een dag, toe ek geworstel het met hierdie vrae, het ek 'n les handboek opgetel en hierdie woorde van President Spencer W. Kimball gelees (1895–1985):

"As ons na sterflikheid gekyk het as die hele rede vir ons bestaan, dan sal pyn, verdriet, mislukking en 'n kort lewe rampspoedig gewees het. Maar as ons na die lewe kyk as 'n ewige ding wat vêr strek van die vooraardse verlede en voorwaarts na die ewige nadoodse toekoms, dan kan alle gebeurtenisse in die regte perspektief geplaas word. . . .

"Is ons nie blootgestel aan versoeking om ons krag te toets nie, siekte sodat ons gedult kan leer, die dood sodat ons onsterflikheid en verheerlikking mag hê?"[1]

Op daardie oomblik het ek besluit om van my smart te laat gaan en om in die belowende en moontlike toekoms te kyk. Ek het in my geestes oog gesien hoe Broeder Chen gelukking verenig word met sy familie. Daardie insig het aan my vrede gebring. Ek weet dat Hemelse Vader ons die wysheid en moed sal gee om teëspoed in die oë te kyk.

*Die skrywer is van Taiwan.*

**NOTA**

1. *Lesse van die Presidente van die Kerk: Spencer W. Kimball* (2006), 15.

## KINDERS

### Bediening in Alle Seisoene

President Uchtdorf onderrig dat ons moet "dien met vreugde en gewilligheid in alle weer en in alle seisoene." Wat is sommige maniere hoe jy ander kan bedien gedurende die winter? Wat is sommige metodes hoe jy kan bedien gedurende die lente? Wat van gedurende die somer en herfs? Skryf jou idees vir elke seisoen neer. Jy mag dalk een van jou idees wil probeer hierdie maand!

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/13.
Vertaling goedkeuring: 6/13. Vertaling van *First Presidency Message, September 2013*. Afrikaans. 10669 501

# Selfstandigheid

*Bestudeer die materiaal biddend en, soos van toepassing, bespreek dit met die susters wat jy besoek. Gebruik die vrae om jou te help om jou susters te versterk en om die Verligtings Vereniging 'n aktiewe deel van jou lewe te maak. Vir meer informasie, gaan na* ***reliefsociety.lds.org***

**Geloof, Familie, Verligting**

Selfstandigheid is die gawe, toegewydheid, en moeite om vir die geestelike en fisiese welstand van onself en ons families te voorsien.[1]

Soos ons leer en die prinsiepe van selfstandigheid in ons huise en gemeentskappe toepas, het ons die geleenthede om na die armes en die behoeftiges om te sien en om ander te help om selfstandig te word sodat hulle die tye van teenstand kan verduur.

Ons het die voorrêg en die verpligting om ons agentskap te gebruik om geestelik en fisies selfstandig te word. Praat van geestelike selfstandigheid en ons afhanklikheid op Hemelse Vader, het Ouderling Robert D. Hales van die korum van die Twaalf Apostels geleer: "Ons word omskep en geestelik selfstandig soos ons biddend ons verbonde leef—deur waardige deelname aan die nagmaal, om waardig te wees vir 'n tempel aanbeveling, en ons wanneer opoffer om ander te dien,"[2]

Ouderling Hales het ons geraadpleeg om tydelik selfstandig te word, "wat 'n nagraadse geleerdheid, nagraadse geleerdheid of vakopleiding insluit, om te leer om te werk, en om binne ons perke te leef. Deur skuld te vermy en nou geld te spaar, is ons voorberei vir voltydse Kerk diens in die jare wat kom. Die doel van beide fisiese en geestelike selfstandigheid is om onsself op hoër grond te kry sodat ons ander in nood kan oplig."[3]

### *Uit die Skrifture*

Matthéüs 25:1–13; 1 Timotheüs 5:8; Alma 34:27–28; Leer en Verbonde 44:6; 58:26–29; 88:118

### *Uit Ons Geskiedenis*

Nadat die Heiliges van die Laaste Dae in die Salt Lake Vallei vergarder het, wat 'n afgesonderde woestyn was,wou President Brigham Young gehad het dat hulle floureer en permanente behuising vestig. Dit beteken dat die Heiliges nodig gehad het om vaardighede aan te leer om hulle toe te laat om selfstandig te word. In hierdie poging, het President Young groot vertroue in die bekwaamheid, talente, getrouheid, en gewilligheid van die vrouens gehad, en hy het hulle bemoedig in spesifieke temporele dienste. Terwyl die spesifieke dienste van die Vroue Vereniging sisters vandag dikwels verskillend is, bly die beginsels konstant:

**1.** Leer om vir werk lief te wees en verhoed ledigheid.

**2.** Bekom 'n gees van self-opoffering.

**3.** Aanvaar persoonlike verantwoordlikheid vir geestelike sterkte, gesondheid, geleerdheid, werk, finansies, voedsel, en ander lewensonderhoudende noodsaaklikhede.

**4.** Bid vir geloof en dapperheid om uitdagings te trotseer.

**5.** Versterk ander wie hulp benodig.[4]

**NOTAS**

1. Sien *Handboek 2: Administrasie van die Kerk* (2010), 6.1.1.
2. Robert D. Hales, "Kom na Onsself: Die Nagmaal, die Tempel, en Opoffering in Diens," *Liahona*, Mei 2012, 34.
3. Robert D. Hales, "Kom na Onsself," 36.
4. Sien *Dogters in My Koninkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Vroue Vereniging* (2011), 21.

### *Wat Kan Ek Doen?*

**1.** Hoe help ek die susters oor wie ek waak om oplossings vir hul fisiese en geestelike behoeftes te vind?

**2.** Is ek besig om my geestelike selfstandigheid te vermeerder deur voor te berei vir die nagmaal en opofferinge te maak om te dien?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engels goedkeur: 6/13. Vertaling goedkeur: 6/13. Vertaling van *Visiting Teaching Message, September 2013*. Afrikaans. 10669 501